

## **Die onderrig van senior sekondêre skoolwiskunde vir beter herroeping**

---

Leerders onthou nie genoeg van die wiskunde wat hulle op skool leer nie ten spyte van langer periodes; en onderwysers kry nie die geleentheid om leerders se vermoë te verbeter nie. Om hierdie probleem op te los moet daar vir onderwysers geleenthede gegee word om strategieë wat herroeping verbeter te ondersoek en toe te pas. Hierdie studie beoog om die persepsies, ervarings, geleenthede en uitdagings wat onderwysers ervaar wanneer hulle spook met die 'vergeet'-probleem, te ondersoek.

Daar word gekyk na teoretiese en empiriese verduidelikings sowel as verskeie aspekte van leer en onderrig deur middel van hersiening en herroeping strategieë. Data vir die gevallestudie is verkry deur middel van onderhoude, vraelyste en observasie in die klaskamers van tien onderwysers in Oshikoto, Namibië. Die studie ondersoek en bespreek ook die resultate voor en na toetse, sowel as die van uitgestelde toetse van vier onderskeie Graad 11 en 12 klasse by twee verskillende skole. Hierdie resultate het getoon dat die hersiening en herroeping strategieë 'n positiewe invloed het op leerders se wiskunde prestasie. Die aanbeveling is, om professionele programme te ontwerp wat onderwysers sal aanmoedig om die gebruik van hersiening en herroeping strategieë beter te verstaan.

---

Maiya Andjamba

Studieleier: Dr Faaiz Gierdien